

14 Desember - WEDERGEBOORTE

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-25 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:23

Alle mense het saam met Adam en Eva in die sonde geval en is daarom nie geskik om die ewige lewe te ontvang nie (Ef 2:1). Die mens moet eers weer (weer 'n keer) gebore word: om 'n nuwe mens te word.

Die Skrif en belydenis verduidelik deurgaans dat die enigste wyse waarop God se kinders weer deel aan die ewige lewe kan hê, is om eers weer gebore te word (Joh 3:3). Sonder hierdie nuwe (geestelike) geboorte kan en wil God se kinders nie glo, bekeer en Hom dien nie.

God laat sy kinders weer gebore word deur die voortdurende en genadige werk van sy Gees, wat 'n nuwe lewe (nuwe geboorte) in hulle doodsbestaan wek. God se Gees werk " 'n heel bowenatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie soete, wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking ... in sy krag nie minder of geringer is as die skepping of die opwekking van die dode nie" (Dordtse Leerreëls III & IV, 12).

In 'n eenvoudige mens se lewe is die wedergeboorte dus 'n verstommende, geweldige en magtige daad van die lewende God!

Die onverganklike saad waaruit hierdie nuwe lewe ontkiem, groei en wasdom bereik, is die lewende en ewige Woord van God. Die Gees werk deur die Woord. God se kind verdiep homself/haarself derhalwe voortdurend deur selfstandige Skrifstudie, deur Woordverkondiging in eredienste en deur die evangelie te verkondig.

Geen mens doen sommer vanself goeie werke nie, en geen mens het sommer vanself sy broer en suster lief nie. Slegs 'n kind van God, wat weer gebore is, kan gehoorsaam aan die waarheid sy broer en suster ongeveins, hartlik en vurig liefhê ... soos Christus ons liefgehad het!

Sing: Psalm 118:7 (1936-beryming)

Dr RM van der Merwe (Wolmaransstad)